basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/
# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2020

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (2 x 25) | (50) |

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. gebruik 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Robin stap stasie toe, soos elke dag die afgelope jaar. Maar vandag is sy/haar treë anders as die vorige kere s'n. **[50]**

1.2 Moenie vir eendag wag nie; leef vandag. **[50]**

1.3 Die dag toe ek my ore uitgeleen het **[50]**

1.4 'n Tweede kans ... **[50]**

1.5 Ek weet góéd wie agter hiérdie plan sit! **[50]**

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Bron: www.victory images.org] **[50]**

1.6.2



[Bron: https://wordpress.co.za] **[50]**

1.6.3



[Bron: http://tranquility/nature.pics] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou oupa/ouma bekommer hom/haar vreeslik oor sy/haar trek na 'n aftreeoord.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan hom/haar waarin jy hom/haar gerusstel. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF: BEDANKING**

Jy het gedurende die vakansie gemeenskapsdiens by jou plaaslike Dierebeskermingsvereniging (DBV) verrig.

Skryf 'n FORMELE BRIEF aan die bestuurder waarin jy hom/haar bedank vir die manier waarop hy/sy jou behandel het. Verwys ook na die waardevolle lesse wat jy tydens jou gemeenskapsdiens daar geleer het. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Jy kry die geleentheid om namens die matrikulante hulde aan die skool se onderwysers te bring.

Skryf die HULDEBLYK wat jy op Internasionale Onderwysersdag tydens 'n saalbyeenkoms gaan lewer. **[25]**

2.4 **INFORMELE VERSLAG**

Handboeke is volgens jou vriende onprakties. Jy het navorsing gedoen oor die gebruik van handboeke in vergelyking met tablette in skole.

Skryf 'n INFORMELE VERSLAG oor jou bevindings wat jy aan die Onderwysdepartement wil voorlê. **[25]**

2.5 **TYDSKRIFARTIKEL**

Jy hou van mooi klere en bly op die hoogte van die ontwikkeling van tienermodes.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL vir 'n tienertydskrif waarin jy oor die nuutste modegiere onder tieners uitbrei. **[25]**

## 2.6 ONDERHOUD

'n Seun/meisie het onlangs kitsroem verwerf nadat hy/sy 'n gevaarlike heldedaad verrig het.

As joernalis van 'n bekende tydskrif moet jy met hierdie persoon 'n onderhoud voer. Skryf hierdie ONDERHOUD neer. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou